BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Saterdag 31 Mei 1980 | WINDHOEK | Saturday 31 May 1980 | No. 4161

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

---

No. 113 — 31 Mei 1980

ORDONNANSIE, 1980: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:-

No. 11 van 1980 Finansieordonnansie, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

A. F. van R. MOUTON
*Acting Secretary: South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek

---

No. 113 — 31 May 1980

ORDINANCE, 1980: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

No. 11 of 1980 Finance Ordinance, 1980

**Ordonnansie No. 11 van 1980**

**FINANSIEORDONNANSIE, 1980**

*(Goedgekeur 27 Mei 1980)*
*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 31 Mei 1980)*

# ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die kwytskelding van sekere gelde verskuldig deur die Munisipaliteit Swakopmund.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Kwytskelding van gelde verskuldig deur Munisipaliteit Swakopmund.

1. Ondanks andersluidende bepalings van die Plaaslike Lenings Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 7 van 1927), word die Munisipaliteit Swakopmund hierby met ingang van 1 Februarie 1973 onthef van alle aanspreeklikheid ten opsigte van —

(a) die bedrag van R1 150 391,54, synde die uitstaande balans op daardie datum van die bedrag van lenings (en gekapitaliseerde rente daarop) wat kragtens genoemde Ordonnansie aan genoemde Munisipaliteit toegestaan is om verbeterings op erwe 1349 en 2747 Swakopmund en Gedeelte 20 ('n gedeelte van Gedeelte 16) van die plaas Swakopmund Dorp- en Dorpsgronde No. 41 aan te bring; en

(b) die rente wat vanaf daardie datum opgeloop het op genoemde bedrag van R1 150 391,54.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Finansieordonnansie, 1980.

## FINANCE ORDINANCE, 1980

**Ordinance No. 11 of 1980**

*(Assented to 27 May 1980)*
*(English text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 31 May 1980)*

# ORDINANCE

To provide for the remission of certain monies owing by the Municipality of Swakopmund.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Remission of monies owing by the Municipality of Swakopmund.

1. Notwithstanding anything to the contrary contained in the Local Loans Ordinance, 1927 (Ordinance 7 of 1927), the Municipality of Swakopmund is hereby discharged with effect from 1 February 1973 from all liability in respect of —

(a) the amount of R1 150 391,54, being the outstanding balance on that date of the amount of loans (and capitalised interest thereon) granted to the said Municipality under the said Ordinance to effect improvements on erven 1349 and 2747 Swakopmund and Portion 20 (a portion of Portion 16) of the farm Swakopmund Town and Townlands No. 41; and

(b) the interest which has accrued on the said amount of R1 150 391,54 as from that date.

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Finance Ordinance, 1980.